

Cottrell, Leonard: De bergen van Pharao, 2,000 jaren Pyramideonderzoek, pp. 256, De Bezige Bij, Amsterdam, 1957.

DIE titel van hierdie interessante boek is ontleen aan 'n opmerking van die Engelse reisiger Melton dat die piramide deur die Arabiere „die berge van Farao” genoem word. Die subtitel „2,000 jaren pyramide-onderzoek” gee die inhoud van die boek noukeuriger aan. Dit is 'n vertaling uit Engels.

Die outeur, 'n welbekende radio-rapporteur en skrywer, gee in hierdie boek 'n oorsig van die werk van die verskillende ondersoekers deur die eeue heen en dui aan hoe hulle gehelp het om die raaisel van die piramides op te los. Die historiese oorsig begin by die Saïte, die 26ste Egiptiese dinastie (663 — 525 v. C.) en eindig met die werk van die Egiptenaar-argeoloog uit ons tyd, Mohammed Zakaria Goneim. Telkens onderbreek die outeur sy historiese relaas om interessante staaltjies uit die ondervindings van hierdie ondersoekers mee te deel; soos bv. die angs van die anonieme Skot dat hy deur die miljoene vlermuise opgeëet sal word toe hy die eerste een was om hom in die „bron” of noodskag van die groot piramide te laat afsak het, of van Melton, hierbo genoem, wat vuurwapens in die ingang van die piramide afgeskiet het om moontlike slange te verjaag.

As jy verneem hoe mildelik buskruit in dae van weleer gebruik is om toegang tot die piramides te verkry dan verbaas jy jou dat daar vandag nog iets van die monumentale bouwerke oor is en dan besef jy hoe deeglik die ou Egiptenare die grafte van hulle konings gebou het. Dit is verblydend om te verneem van die uitgesproke standpunt van die skrywer teenoor die sekte, wat veral in die Angel-saksiese wêreld sy ondersteuners vind, en waarvan mens in Suid-Afrika ook verneem, wat meen dat hulle uit die afmetings en proporsies van die piramides die toekoms en selfs die ondergang van die wêreld kan voorspel.

Ongelukkig is die outeur nie altyd konsekwent in sy transkripsie van die name van die farao's nie. So ver moontlik volg hy Herodotos vir die koningsname van die Gizeg-piramide-groep. Is dit nie beter om *Psammeticus* i.p.v. *Psamtik* te skryf nie? Is *Assboebanipal* (vir *Assburbânipal*) en *Echnaten* (vir *Ignaton*) drukfoute? Die skryfwyse *Nebukadresar* vir die bekende Babiloniese koning was wel onder die Hebreërs bekend. (Vgl. die boek Jeremia). Farao Necho het nie teen die Assiriërs geveg nie maar hulle juis gehelp teen die anti-Assiriese magte, onder wie Josia van Juda (nie die Hebreërs nie) gereken moet word.

Benewens meer dergelike onjuisthede kan hierdie hoogs interessante boek vir elkeen aanbeveel word. A. H. van Zyl.

BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Tuberville, A. S.: The House of Lords in the Age of Reform (1784 — 1837), Faber and Faber, London, 1958.